

**28 Maart 2021**

**Jesus en die donkie**

**Groete en Verwelkoming**

**Afkondigings (Herhinner almal aan Nagmaal op Goeie Vrydag)**

**Oomblik van Stilte**

**Votum**

1 Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing –

2 maak dan nou my blydschap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe.

3 Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself.

4 Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander.

### **DIE VOORBEELD VAN JESUS CHRISTUS**

5 Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was:

6 Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie,

7 maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het,

8 het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis.

9 Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is,

10 sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig,

11 en elke tong sou erken: “Jesus Christus is Here!” tot eer van God die Vader.

### **Seëngroet**

Familie en vriende ek groet julle vanoggend met die woorde. “Genade en vrede vir julle van God ons Vader, van Onse Here Jesus Christus en deur die kragtige werking van die Heilige Gees.”

### **Lofsang: (HW en Ilse)**

Hosanna (witboek 14a)

Flam 60 U liefdeslied vir my.

### **Skriflesing:**

1 Toe hulle naby Jerusalem kom, by Betfage en Betanië op die Olyfberg, stuur Jesus twee van sy dissipels

2 en sê vir hulle: “Gaan na die dorpie daar reg voor julle, en net soos julle inkom, sal julle daar 'n jong donkie vasgemaak kry. Geen mens het nog op hom gery nie. Maak hom los en bring hom hier.

3 En as iemand vir julle sê: ‘Wat maak julle daar?’ moet julle sê: Die Here het hom nodig, en Hy sal hom gou weer hierheen terugstuur.”

4 Hulle het toe gegaan en 'n jong donkie by die ingang, buite langs die pad, vasgemaak gekry en hom losgemaak.

5 Party van die mense wat daar gestaan het, het vir hulle gesê: “Waarom maak julle die donkie los?”

6 Hulle het hulle geantwoord soos Jesus gesê het. Daarna het die mense hulle laat begaan.

7 Hulle bring toe die donkie na Jesus toe en sit van hulle klere op hom, en Jesus het opgeklim.

8 Baie mense het van hulle klere op die pad oopgegooi en party weer groen takkies wat hulle langs die pad afgebreek het.

9 Dié wat voor geloop en dié wat agteraan gekom het, het uitgeroep: “Prys Hom! Loof Hom wat in die Naam van die Here kom!”

10 Geseënd is ons voorvader Dawid se koningryk wat aan die kom is! Prys Hom in die hoogste hemel!”

11 Jesus het in Jerusalem na die tempel toe gegaan en alles daar bekyk. Dit was al laat middag toe Hy en die twaalf weer na Betanië toe gegaan het.

## **Prediking**

Hoe nader mens aan Paasfees kom hoe meer besef ons wat die groot plan van die Here was en steeds is vir jou en my, in hierdie lewe.

Die Here Jesus het deur Sy bediening heen vir ons kom leer dat dit nie oor jou en my moet gaan nie en dat ons nooit ons vertrouwe in mense moet sit nie, maar moet ons al ons fokus op die Here hou.

Hy is die een wat alles vir jou en my moontlik maak.

Hy is die een wat jou en my so ongelooflik liefhet en wat alles in Sy vermoë gedoen het om ons weet te versoen met ons Hemelse Vader.

Nou kom ons vat vir 'n oomblik net saamwat tot op hierdie tyd in ons reeks gebeur het.

In die vorige Sondag het ons vir mekaar 'n paar dinge gesê. Ons het begin by die doop van Jesus deur Johannes die dooper. Die een wat die pad gelyk gemaak het vir die Here Jesus wat sou kom. Daarom het baie mense na Johannes gegaan om hulle te laat bekeer en terug te draai na die Here toe.

Jesus, word dan gedoop deur Johannes en dan die mooi gedeelte van die hemel wat oopskeur en die stem uit die hemel wat sê/ bevestig dat Jesus die seun van God is vir wie die Vader baie lief is. Oor jou verheug ek my sê die Vader vir Jesus, direk daarna word Jesus deur die Gees in die woestyn ingelei en onmiddelik versoek deur die Satan.

Vir 40 dae weerstaan Jesus hierdie versoekinge en die skrif gaan sover om vir ons te verduidelik dat Jesus baie swak geword het en nadat Hy die versoekinge weerstaan het, het engele die vir Jesus versorg en so het Jesus se bediening begin.

Die volgende Sondag het ons vir mekaar gesê dat om Jesus te volg moet ons verstaan wat God se plan is. Baie mense het dit nie verstaan nie en die jode sowel as nie jode het hierdie kampvegter verwag, maar dan kom Jesus en sê dat wanneer jy volkome en totale toewyding die Here wil dien dan moet jy jouself verloën en jou kruis opneem en Hom volg.

Daarmee saam sê die Here dat die evangelie het nog nooit gegaan oor jouself nie, die evangelie het nog nooit gegaan oor jou kennis nie. Die evangelie gaan oor Jesus en dieselfde gesindheid wat in Jesus was toe Hy hier op aarde onder ons kom woon het moet in jou en my wees en moet met alles in ons **teen ons eie trots en eie ego's stry** sodat ons op

die ou einde nader aan die Here kan beweeg en ons ook ons kruise kan dra as gelowige en gehoorsame kinders van God.

Die derde Sondag het ons gesels oor Jesus, wat kwaad geword het en die tempel gereinig het omdat die eer van die Vader skade aangedoen is en mens iets wat rein en heling veronderstel onrein maak en seer veroorsaak deur dit wat hulle doen en hoe hulle die mense behandel daarom kon Jesus opstaan met die Goddelike outoriteit wat Hy steeds het en die skoonmaak van enige onrein dinge.

Die vierde Sondag lees ons die bekende Johannes 3:16 waar die Here eintlik vir ons die liefdeslied sing. Hy sê vir ons hoe lief Hy ons werklik het. So lief dat Hy Sy eie seun gespaar het nie, maar as offer gestuur het om ons vry te maak van die sondelas wat ons onderdruk. (Wonder watter pa sal ook kan sê dat Hy sy kind sal offer???)

Weereens deur al hierdie gedeeltes heen het die mense nie verstaan wat die plan van die Here was nie en was hulle verwagting steeds gewees dat daar hierdie groot kampvegter sou kom om hulle te bevry.

En dan die gedeelte van laasweek waar Jesus verduidelik van die koringkorrel. As 'n koringkorrel nie in die grond van en sterf nie, dan kan daar eenvoudig nie 'n oes wees nie.

Regdeur Jesus se bediening waar daar iets **mistieks**. Nadat die dissipels besef het wie die Here is. Belet Jesus hulle ook dan om dit te openbaar aan die mense.

Die rede was eenvoudig mense het nie God se plan verstaan nie. Hulle was besig om die ideale messias vir hulle te soek en daarom voldoen Jesus ook dan nie aan die eienskappe van hierdie verwagte messias nie. Daarom belet Jesus die dissipels om te vertel wie Hy werklik is.

Nou kom ons by 'n teks wat gebeur het net voor die deel waar Jesus in Jerusalem die tempel reining dit gebeur hier van vers 15 af.

Maar nou kom ons by die gedeelte waar Jesus dit amptelik die laaste tyd of laaste week is van Jesus se aardse bediening. Die lam van God wat gelei word na die slagpale daar op Golgota.

Jesus kom by paasfees vieringe aan in Jerusalem. Paasfees (viering van die bevryding uit Egipte deur Yahweh en onder die leiding van Moses).

Hierdie gedeelte maak ons ook dan bewus van die idee of gedagte dat Jesus se koningryk nie van hierdie wêreld is nie.

Jesus kom met 'n donkie die stad binne waar die verwagting was dat die Messias wat sou kom eerder op 'n perd sou wees soos wat die konings van daardie tyd gedoen het, maar nou sien ons dat Jesus 'n donkie kry waarop niemand al gery het nie.

Hierdie het gebeur om aan die profesie soos in Sagaria 9:9 genoem te voldoen.

***“Jubel, Sion! Juig, Jerusalem! Jou koning sal na jou toe kom. Hy is regverdig en hy is 'n oorwinnaar, hy is nederig en hy ry op 'n donkie, op die hingsvul van 'n donkie.”***

Jesus was gesien deur die mense as die vervulling van profesieë hulle het egter steeds nie verstaan waarheen hierdie koningskap van Hom sou lei nie.

Interresant genoeg met die intog van Jesus in Jerusalem het die mense wat Hom hoor preek het in die tempel hom geloof en prys en was dit juis hierdie mense wat in hierdie tyd Sy intog in Jerusalem noukeurig dogehou het.

**Die slegte van hierdie gedeelte is dat dit juis hierdie mense was wat hom nou geloof en prys het wat oor 'n paar dae sou uitroep dat Jesus gekruisig moes word.**

Nou waarom die tema: Jesus en die donkie.

- Jesus kom in die stad op 'n kontrasterende wyse. Weereens die verwagting van die mense wat Jesus loof en prys klere en palmtakke voor Hom gooi.
- Jesus, wat vir ons vir ou laas kom wys wat dit werklik beteken om te lewe vir die koningryk van God en waarom ons moet soos die koringkorrel in die grond moet val en sterf. Sodat die oes wat daardeur kom groter sal wees.
- Donkie was beskou as iets wat eintlik 'n nikswerd is. Donkie was ook 'n slaaf en het al die werk gedoen wat nie geskik was vir die mens nie.
- Konings en Heersers van daardie tyd het perde gehad wat die beste was in alles.
- Maar Jesus kom in Jerusalem in op 'n donkie.
- Daar was ook nie juis 'n keuse van watter donkie nie, maar die eerste donkie wat hulle kon kry het, het hulle gebring.

Die donkie leer ons eintlik dan ook die grootste les van die groot plan van God. Ek lees weer vir julle die teks van Filippense maar op 'n ander manier as wat voorheen gelees is.

1 Aangesien julle die **troos in Christus ondervind het**, die aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing –

2 maak dan nou my blydschap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe.

3 Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself.

4 Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander.

### **DIE VOORBEELD VAN JESUS CHRISTUS**

5 Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was:

6 Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie,

7 maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het,

8 het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis.

9 Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is,

10 sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig,

11 en elke tong sou erken: "Jesus Christus is Here!" tot eer van God die Vader.

Op hierdie dag is daar een van die grootste lesse geleer. Ons verlosser het ons so oneindig lief dat Hy nie twee keer gedink het nie, maar Sy lewe kom neerlê het vir jou en my. Hy het ons kom leer dat die goeie nuus **NOG NOOIT** gegaan het oor jou en my nie, maar oor **JESUS ONS KONING!**

### **Gebed**

Slotlied - Flam 12 Meer as ooit.



## Seëngroet

24“Die Here sal julle seen en julle beskerm;

25. die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees;

26. die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee